# Fokus

*Fokus* is 'n rubriek waarin artikels van 'n meer populêr-wetenskaplike aard gepubliseer word. Artikels wat vir hierdie rubriek aan die redaksie voorgelê word, moet voldoen aan dieselfde tegniese vereistes as navorsingsartikels (kyk asseblief die *Voorskrifte vir skrywers*). Bydraes vir *Fokus* word aan 'n interne keuringsproses onderwerp en kwalifiseer nie vir subsidie nie.

## Inhoudsopgawe

*H.A. Louw*
Totius en die boek Openbaring ........................................................ 417

# Totius en die boek Openbaring

H.A. Louw
RUSTENBURG

**Abstract**

**Totius and the Book of Revelation**

*In his sermons on the book Revelation, published in 1921, the Afrikaans theologian and poet, Prof. J.D. du Toit, better known under the pseudonym Totius, took the "futurist" view as the principal way to explain this Bible book. Elements of other views like the "historicist view" were also followed, especially in the sermon on the seven churches in Asia Minor, which regarded each church as concerned with later periods in the history of Western Europe. According to Du Toit the scene of the sealing of the servants of God (7:1-8) and of the great multitude mentioned later in the chapter (7:9-17) is set at the end of time. It should, however, be better to interpret chapter 7:1-8 as the church in John=s time and the vast crowd of people from every nation as an image of the redeemed in the bliss of heaven. The multitude who comes (present tense) out of the great tribulation are those who died for their faith when Revelation was written. But the article describing the multitude in the original Greek text also seems to indicate the great trouble accompanying the end of things.*

*For Du Toit the prostitute in chapter 17 symbolizes a city, namely Babylon. The harlot, however, had slain a great number of saints who believed in Jesus (17:6). Thus the harlot cannot be identified with Babylon. The city must be Rome, the contemporary representative of the cruel empires which, through the ages have enslaved people by brute force. Rome also killed saints who served Christ.*

*Du Toit's greatest shortcoming in his explanation of the Book of Revelation was that he did not see that the book Revelation is rooted in a given historical situation.*

In 1921 het 'n bundel preke oor Openbaring van die hand van prof. J.D. du Toit verskyn. Dit het eers as 'n reeks in *Die Kerkblad* verskyn en het dadelik in wye kringe belangstelling gewek en die skrywer is herhaaldelik aangemoedig om dit in boekvorm uit te gee (Du Toit, 1921:iii). Sy oogmerk was "om met duidelike uitsprake van Gods Woord te waarsku vir die dag van kwaad wat aanstaande is

... (omdat) so ’n waarskuwing nodig is in die dae van onverskilligheid ten opsigte van die komende dinge”.

Die preke is hoofsaaklik toekomsgerig. Dit is verstaanbaar, want die Anglo-Boereoorlog was nog vars in almal se geheue toe die Eerste Wêreldoorlog uitbreek. Volke uit alle wêrelddele het daaraan deelgeneem. Miljoene sterf op die slagvelde. Dan breek die Spaanse Griep uit wat wêreldwyd tienduisende slagoffers eis. Dit het alles gedui op tekens van die tye: “Hoeveel smarte en weë het in die laaste jare oor ons heengegaan – wêreldoorlog, wêreldhonger en pestilensie – en nog gaan die wêreld in haar goddeloosheid voort” (Du Toit, 1921:105). Dis asof hy die naderende einde sien kom: “Daarom is dit dat God waarsku en op bekering aandring; daarom is dit dat God altyd weer tyd gee, selfs as die eindgerigte al losbars” (Du Toit, 1921:105).

## 1. Invloed van die chiliasme?

Dr. Du Toit was ’n seun van die bekende, maar omstrede Nederduitse Gereformeerde predikant, ds. S.J. du Toit. Ds. du Toit was ’n chilias met ’n besondere belangstelling in Openbaring. Hierin verskil hy van Calvyn wat Openbaring wel as kanoniek aanvaar het, maar dit verder heeltemal genegeer het (Baarslag, s.j.:34). Met die neo-Calviniste, soos A. Kuyper, en miskien sy grootste student, J.D. du Toit, was dit wat Openbaring betref, heeltemal anders gesteld. Daarvan getuig Kuyper se werk *Van de voleinding* (vgl. Du Toit, 1921:iv).

Aan die een kant het Du Toit invloed van sy vader ondergaan en aan die ander kant van sy promotor, dr. A. Kuyper. In sy ouerhuis moes hy al ’n liefde vir Openbaring ontwikkel het en ook belangstelling vir die gebeure aan die einde van die eeue. Die chiliaste verkondig ’n tweërlei wederkoms van Christus. Eers sal Christus kom om vir duisend jaar te regeer oor ’n koninkryk van heiliges (Barclay, dl. 2, 1976:186). Vir dié duisend jaar sal Satan gebind wees. Aan die einde sal hy weer losgelaat word. Dan sal die eindstryd plaasvind. Christus sal dan weer kom om die anti-Christelike magte te onderwerp. Daarna volg die opstanding van die dooies, die laaste oordeel en dan die proses wat alle dinge tot die volle einde sal bring. Vir hulle is dié bewysstuk hiervoor Openbaring 20 (Barclay, dl. 2, 1976:184). Ten spyte daarvan dat hierdie dinge ’n belangrike rol speel in Du Toit se preke oor Openbaring, begeef hy hom nie op die terrein van strydvrae nie en laat dus hoofstuk 11 en 20 onverklaard (Du Toit, 1921:iii). ’n Mens kan aanvaar dat dit uit piëteit vir sy vader was.

Die invloed van sy mentor, prof. Jan Lion-Cachet aan die Teologiese Skool Burgersdorp én sy studie onder Kuyper in Nederland, het meegebring dat hy nooit ’n chilias geword het nie. Die 144 000 uitverkorenes wat in Openbaring 7:1-10 genoem word, sien hy byvoorbeeld nie as uitverkorenes uit die die Jode

nie, of dat daarmee die werklike Israel bedoel word nie en dat daar eindelik 'n massale bekering van die Jode sal plaasvind nie: "... alles wat aan die werklike Israel geskied het, het voorbeeldende betekenis en is skadu en voorbeeld van Christus en sy kerk" (Du Toit, 1921:68).

## 2. "Letterlike" en "geestelike" verklaring van Openbaring

Dr. Du Toit volg nie die letterlike verklaring van sy vader nie, maar wat 'n mens as 'n "geestelike" verklaring kan tipeer. Hierin staan hy sterk onder invloed van Kuyper se *Voleinding* (Du Toit, 1921:iii).

In die kringe van die Gereformeerde Kerke onder die Kruis – 'n soort doleansie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, gelei deur ds. S.J. du Toit – is die profesieë baie letterlik vertolk. Nahum 2:4 waar van 'n strydwa met fakkels in die nag sprake is, is as 'n "profesie" van die motorkar gesien: "De wagen razen door de wijken; zij lopen ginds en weder op de straten; hunne gedaante zijn als fakkelen ...".

Prof W.J. Snyman het by geleentheid gesê dat sy twee jaar as predikant op Lindley onder die "Kruis-Doppers" vir hom baie beteken het. Daar is gereeld Bybelaande gehou en gewoonlik is die profesieë bespreek. Dit het hom geleer om die middeweg tussen die letterlike en geestelike verklaring te volg. Dit is soos Openbaring verklaar behoort te word.

## 3. Die briewe aan die sewe gemeentes

Openbaring is as 'n brief aan die sewe gemeentes in Klein-Asië gerig. Dit is ook in die briefvorm, soos aan ons uit die briewe van Paulus bekend. Dit moet ook as 'n brief gelees word (Ringalda, 1939:35). Daar was meer gemeentes in Klein-Asië as die sewe wat in Openbaring genoem word – byvoorbeeld die gemeente van Kolosse wat aan ons bekend is. Die gemeentetjies was baie klein en dis moontlik dat nie almal in die Nuwe Testament genoem word nie. Die samekomste is in privaat huise gehou (Rom. 16:5; 1 Kor. 16:19.). Johannes rig hom dus nie net tot die gemeentes wat by name genoem word nie, maar tot die hele Christelike kerk in die eerste eeu na Christus. Openbaring is egter aktueel vir die kerk van alle eeue. Dit val in dieselfde kategorie as die vier Evangelies en die briewe van Petrus en Paulus. Wat Lukas aan Teofilus geskryf het, is ook van belang vir die lesers van later tye.

Totius sien egter die sewe briewe as verteenwoordigend van sekere periodes in die geskiedenis en dan ook net van die Westerse wêreld. Vir hom is Efese die gemeente van die Apostoliese tyd wat nog die suiwer belydenis bewaar het. Toestande in Pergamum gaan, volgens hom, al oor na die vierde en vyfde eeu "toe wêreldgelykvormigheid en afgodery begin het" (1921:21). In die bundel is

nie preke oor die afsonderlike gemeentes nie, maar net een met Openbaring 1:20 as teks, waarin hy in voëlvlug die historiese, simboliese en profetiese betekenis van die sewe gemeentes teken, met klem op laasgenoemde. Hy sê wel: "Die profesie verhef sig hoog en reik ver die toekoms in, maar begin wat by voorhande is" (1921:13). Wat voor hande is, is juis die toestande wat in die sewe gemeentes geheers het. Johannes skryf aan die Christene in die Romeinse ryk van sy tyd. Hierdie gegewe hou prof. Du Toit nie deurgaans voor oë nie. Christus rig Hom deur Johannes tot elke gemeente, veral in hulle gemeenskaplike godsdiens-oefening, waar 'n voorganger gelees het (vgl. Luk 4:11-28). Nie alleen is uit die Ou Testament gelees nie maar ook die briewe van die apostels én Openbaring (Ringalda, 1939:28).

In die proloog stel Johannes dit duidelik dat hy verwag dat sy geskrif gelees sal word (1:3). *Lees* beteken hier hardop lees. Daarom is daar alle rede om te aanvaar dat dit in die gemeentes gelees moes word (Morris, 1990:47). Wat daarin geskryf staan, was juis vir hulle aktueel. Die gedagte dat die gemeentes verskillende periodes in die geskiedenis verteenwoordig, moet afgewys word. Die eerste Christene kon nie veel put uit 'n boek wat oor latere periodes in die geskiedenis handel nie. Dan sou die grootste deel van die boek vir hulle 'n onoplosbare raaisel wees. Dit is tog eienaardig dat 'n boek wat die geskiedenis van die mensheid sou voorspel, die wêreld buite Wes-Europa heeltemal ignoreer (Morris, 1990:19). Dit is meer waarskynlik dat dit briewe aan kerke van daardie tyd was. Die inhoud het betrekking op toestande vir elkeen van die stede wat genoem word. Johannes betrek die nood van die sewe klein kerkies, maar behandel tog ook onderwerpe wat aktueel is vir Gods volk van alle tye en alle plekke (Morris, 1990:57, 58). Die briewe in Openbaring 2 en 3 kan die beste verstaan word as ons dit sien in verband met die tyd waarin dit geskrywe is.

## 4. Die kerk op aarde (7:1-8)

Voordat die sewende seël oopgemaak word (8:1), kry Johannes eers 'n tussen-gesig – die 144 000 op aarde (7:1-8) en die groot menigte in die hemel (7:9-17). Hierdie tussengesig verklaar dr. Du Toit (1921:62) futuristies: "Die doel daarvan is om Gods volk te versterk en te bemoedig voordat die eindgerigte op aarde losbreek". Die vorige hoofstuk in Openbaring sluit af met die uitroep: "Die groot dag waarop Hulle die oordeel sal voltrek, het aangebreek, en wie sal staande kan bly?" (6:17) Johannes probeer nie om in hierdie deel van Openbaring sy lesers die skrik op die lyf te jaag nie. Hy gebruik bekende apokaliptiese beelde om hulle te verseker dat God oral teenwoordig is. God laat sy wil met die wêreld geskied. Hy sal dit doen al beteken dit ook dat die hele wêreldorde en inderdaad die ganse onmeetlike heelal moet vergaan (Morris, 1990:109). Du Toit (1921:65) sien dit egter heeltemal futuristies: "Die oordeelsdag is daar, maar voordat sy hitte opgaan, moet eers halt! geroep word". Volgens Openbaring moet die dienaars

eers op hul voorkoppe gemerk word met die seël (7:36). Du Toit (1921:67) se toepassing lui só: “So sal die gelowige by die voleinding gelouter word, maar met die teken van bewaring en veiligheid aan hulle voorhoofde”. Dis vir Du Toit (1921:69) “die verseëling ten opsigte van die laaste dae”. Ook hier is Totius in sy verklaring van Openbaring toekomsgerig.

Wat in hierdie gedeelte ter sprake is, is die kerk op aarde. Johannes hoor die getal van die verseëldes. Daar is 144 000, wat nader bepaal kan word as 12 x 12 wat gelyk aan 144 is. Dit word met 10 x 10 x 10 vermenigvuldig. Tien is (nog meer as 7) die getal van die volheid. 10 x 10 x 10 is ’n volkome kubus, dubbele volkomenheid (Janson, 1993:37). “Hulle was uit elke stam van die volk Israel” (7:4). Hier word nie die vleeslike Israel bedoel nie, ook nie die gelowiges by die voleinding nie. Waarom sou net juis hulle verseël word?

Daar word ook elders in die Nuwe Testament na die kerk verwys as “die twaalf stamme” (Jak. 1:1, vgl. ook Matt. 19:28; Luk. 22:30). As Jakobus groete stuur “aan die twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is” (1:1), dink hy aan die Jode in verstrooiing oor die toe bekende wêreld, wat vir die vroeë Christendom van groot betekenis was. Die Christelike predikers het gewoonlik by hulle aansluiting gesoek. Daar was dus oor die wêreld manne en vroue wat die Ou Testament geken het en nie die afgode gedien het nie. Hulle het by die heidene belangstelling vir hul godsdiens gewek (Barclay, 1981:36,37). Hiervan is Kornelius ’n voorbeeld (Hand. 10:2 – 1983 vertaling). Die Joodse Diaspora was ’n groot faktor in die verbreiding van die evangelie. Die verstrooiing van die Jode is ook waarskynlik die gedagte agter 1 Petrus 1:1, ’n brief wat gestuur word “aan die uitverkorenes van God, vreemdelinge wat in die wêreld verspreid woon ...”. Die Christen blyk tog die ware Jood te wees (Rom. 2:29) en die kerk “die ware Israel” (Gal. 6:16). Dié gesigspunt kom meermale in die Nuwe Testament voor (1 Pet. 2:9; Ef. 1:11,14; Tit. 2:14) (Morris, 1990:111,112).

Die 144 000 staan nie slegs vir die getal van die gelowiges van alle tye en alle volke nie. Dit sien veral op dié wat uit die groot verdrukking kom (7:14). Die teenwoordige tyd word hier gebruik en dit sien dus op die verdrukking tydens die skrywe van Openbaring (Morris, 1990:114). Dié wat die verdrukking deurgemaak het, het ’n seël op die voorkop ontvang. Dit is ’n teken van besitting. Hulle behoort aan die Here. In die vroeë Christelike kerk is die verseëling altyd met die doop in verband gebring. Die doop was vir hulle ’n teken dat hulle aan die Here behoort (Barclay, dl. 2, 1976:23). Die doop kon ook destyds, anders as die proselietedoop, op die voorkop met besprenkeling toegedien gewees het.

Hulle wat die verdrukking deurgemaak het, word later opgeneem (7:9) in die groot menigte in die hemel, wat niemand kan tel nie en wat uit elke volk gekom het.

## 5. Die kerk in die hemel (7:9-17)

Johannes skilder in hierdie verse die onvergeetlike beeld van die groot menigte mense uit elke volk op aarde, maar nou in die geluksaligheid van die hemel. Dit herinner aan die belofte van God aan Abraham dat sy nageslag so baie sal wees soos die sterre in die hemel (Gen. 15:5) en soos die sand van die see (Gen. 32:12). Die menigte sal in die hemel wees. Dis dié wat uit die groot verdrukking kom (7:14). Die lidwoord in die Grieks kan ook dui op die verdrukking aan die einde van die tyd (Morris, 1990:114). Haas digterlik spreek Totius hiervan:

> Na die gesang (van die engele) kom die ontelbare menigte van verloste siele weer na vore. Hulle klere is wit gemaak in die bloed van die Lam (vs. 9, 14). Hulle is rein en hulle het oorwin – dis wat die beeldspraak wil sê. Palmtakke is in hul hande (vs. 9). Die woestynreis is verby en nou vier hulle loofhuttefees ter nagedagtenis van die tog deur 'n aardse wildernis. Hulle is nie meer moedeloos soos in die woestyn nie, maar dien die Here dag en nag in sy tempel … (Du Toit, 1921:70).

Vir Du Toit is die gesaligdes dié wat uit die verdrukking aan die einde van die eeue kom.

Wat Du Toit egter nie raaksien nie, is dat hierdie visioen dien tot bemoediging van die getroues in 'n tyd van vervolging. Die Here troos die Christene wat in rou en smart verkeer oor geliefde familie en geloofsgenote wat die marteldood ter wille van hul geloof gesterf het. Hierdie gesig leer ook dat wie die aardse stryd volstry het, in heerlikheid opgeneem sal word. Dit gee die sekerheid dat ons te midde van al die swaarkry in hierdie lewe veilig in Gods hand is (Wilcocks, 1989:83). Dit dien dus tot troos van al die gelowiges van alle eeue.

Johannes sien eers die kerk op aarde, en dan die kerk in die hemel wat uit die gerigte vergader is en in heerlikheid opgeneem is en 'n ontelbare menigte is. Hierdie menigte is nie uit een volk nie, maar van elke nasie, stam, volk en taal, dit is uit alle groepe waarin hulle op aarde in hul verskeidenheid leef (Ringalda, 1939:151). Dit het dr. Du Toit egter nie raakgesien nie. Hy sien net die gelowiges aan die einde van die eeue. Hier en daar spreek Openbaring vir hom darem ook tot ons: "Ondersoek dan uself gedurig en beproef uself; wees waaksaam in die gebede; smeek dit van God af vir u kind en u nageslag dat Hy u mag staande hou en u mag gee die heerlike erfenis in die lig" (Du Toit, 1921:72).

## 6. Babilon of Rome

In hoofstukke 17 en 18 word gepraat van "groot Babilon, die moeder van die sedeloses en van losbandigheid op aarde" (17:15). Babilon is die naam van die sedelose vrou (17:1) maar ook van 'n stad (17:18). Dr. Du Toit reken dat hier letterlik van die stad Babilon sprake is. Tereg merk hy op dat Babilon 'n naam is

wat deur die ganse Heilige Skrif loop, van Genesis tot Openbaring. "Van Nimrod, die geweldige jagter, lees ons reeds dat die beginsel van sy ryk Babel was (Gen. 10:10). Daar word ook die toring gebou, waarmee die mens vir hom 'n naam sou maak" (Gen. 11:4) (1921:216). Babel is "altyd weer die aardse mag wat hom stel teen God en wat vir hom 'n naam wil maak om die te stel teenoor die heilige Naam van God" (Du Toit, 1921:215).

Nimrod was inderdaad die wêreld se eerste imperialis, die voorloper van baie wêreldryke wat deur brute krag deur die eeue heen in hul soektog na meer glorie konings oorwin het en mense verkneg het (Gibson, 1981:203). Vir Du Toit (1921:214) dui Babilon in die eerste plek op Babel "die groot stad van Nebukadneser, die stad wat koningin was van die aarde en gebiedster van die wêreld in die outyd". Van al die wêreldryke deur die eeue sonder hy Babel uit as dié tipe van die ryk van die Antichris (1921:221).

Wat Babel betref, hou Du Toit vas "aan die letter van die Skrif. Maar dan wens ons die stad nie aan te merk as middelpunt van politieke mag ... Dis handel en weelde wat hoofsaak is". Die sedelose vrou word werklik versinnebeeld deur die Babel van Nebukadneser, wat by uitnemendheid verrys het as toonbeeld van wat die mens kan vermag op finansiële, kulturele en vermaaklikheidsgebied, en die beliggaming geword het van sonde en van die uitlewing van al die menslike luste (Janson, 1993:64). Dit is egter 'n voorloper van Rome. Die skrywer van Openbaring het Rome in die oog, dit wil sê Babel wat herleef het en op sewe heuwels gebore is (vs. 9). Hy spreek dus nie letterlik van Babilon nie. Dit blyk uit die woorde van 17:6: "En ek het gesien dat die vrou dronk is van die bloed van die gelowiges, van die mense wat vir Jesus getuig het". Dit lyk meer na 'n verwysing na die vervolging van die Christene in die Romeinse Ryk. Dis egter meer as om Rome net te bestempel as die groot verdrukker. Die vrou verlustig haar in die slagting van die Christene, soos 'n dronke hom verlustig in wyn. Hier het Johannes beslis nie Babel voor oë nie. Dis 'n bedekte verwysing na Rome en die Romeinse wêreldmag wat hom teen die gemeente van Christus gekeer het. Ook in 1 Petrus 5:13 beteken Babilon waarskynlik Rome: "Die gemeente van Babilon, 'n uitverkore gemeente ...". Rome is gereeld deur sowel Jode as Christene Babilon genoem. Dis ongetwyfeld die geval in Openbaring waar Babilon staan vir die sedelose vrou. Die goddeloosheid, wellus en oordaad was, om dit so te stel, gereïnkarneer in Rome (Barclay, 1981:278).

In die oordeelsaankondiging oor Rome (18:1-8) is daar baie wat ooreenstem met die beskrywing van die val van Tirus (Eseg. 26:28) en van Babel (Jes. 13, 14, 21; Jer. 50:51). Dat die skrywer van Openbaring sterk leun op die Ou Testament, ly geen twyfel nie, want daar is 245 verwysings na die Ou Testament (De Villiers, 1974:51). Daar is meer as 'n ooreenstemming in taal. Openbaring 18:11-19:5 weerspieël veel van die aard van die Ou-Testamentiese klaagliedere (Morris, 1990:207). Openbaring is deur en deur Christelik, maar is tog op 'n Joodse model

gebaseer. Die triomf van Christus neem hier die plek van die deurlugtige Dag van die Here by die profete van die ou verbond. Op grond van alles is dit duidelik dat die skrywer ’n intieme kennis van die Ou Testament gehad het. Soos by die profete van ouds word nadruk gelê op die oppermag van God in die gang van sake hier op aarde: “The illustrations which make the point are drawn from the contemporary Roman Empire so that the book is securely rooted in a given historical situation. But the principles set out in it are of permanent validity. We see them in operation still” (Morris, 990:23).

Nóg die dier van Openbaring 13, nóg die vrou van Openbaring 17 sal vir altyd aan bewind kan bly, want God regeer.

## 7. Konklusie

Openbaring is deur die eeue op verskeie maniere geïnterpreteer. So is daar vier maniere om Openbaring uit die oogpunt van die geskiedenis te beskou.

### 7.1 Die “preteristiese” beskouing

So genoem deur Morris (1990:18). Baarslag (s.j.:30) noem dit die tydhistoriese beskouing. Die verdienste van dié beskouing is dat alleen toestande in die eerste eeu na Christus in die Romeinse ryk beskryf word. Die siener op Patmos was geheel en al in beslag geneem deur die kerk van sy tyd. Die waarde van hierdie siening is dat die boek uitermate betekenisvol was vir die eerste-eeuse Christene. Maar dit het die tekortkoming dat dit betekenisloos is vir alle latere lesers, behalwe die inligting wat dit gee oor die eerstegeslag-Christene (Morris, 1990:19), veral die toestande in die sewe gemeentes.

### 7.2 Die kerkhistoriese beskouing (die *historicist view*)

Die persone wat Openbaring so beskou, beweer dat dit ’n geïnspireerde voorspelling van die geskiedenis van die mensheid is. Eienaardig genoeg ignoreer die eksponente hiervan die hele wêreld buite Wes-Europa (Morris, 1990:19). Die boek word beskou as ’n soort waarsêery oor alles wat later in die kerkgeskiedenis sou afspeel (Baarslag, s.j.:30).

### 7.3 Die eindhistoriese of futuristiese beskouing

Alles wat in beeld gebring word, moet nog gebeur: “The book is exclusively concerned with happenings at the end of the ages” (Morris, 1990:20). Dit voorspel dus al die gebeure wat die wederkoms van Christus sal voorafgaan. Dit beroof Openbaring van die betekenis wat dit vir die eerste Christene moes gehad het, eintlik alle geslagte tot op die laaste.

## 7.4 Die bo-historiese of "idealistiese" beskouing

Die idealiste handhaaf die siening dat daar weinig verwysings in Openbaring is na gebeure óf in die tyd van die skrywer óf in die daaropvolgende eeue. Die apokalips omvat dus die hele periode van die Christelike bedeling. Ons moet dus nie in Openbaring soek na besondere gebeurtenisse nie, maar moet die beginsels nagaan waarvolgens kerk en wêreld regeer word (Morris, 1990:20). Hierdie beskouing is toe te skryf aan Augustinus, die beroemde kerkvader uit Afrika. Hy was die eerste gewees wat die duisendjarige ryk weggeredeneer het (Baarslag,s.j.:30). Op grond van Openbaring 20 was die chiliasme wyd verbreid in die vroeë kerk, maar nooit algemeen aanvaar nie (Barclay, dl. 2, 1976:189). Dit is moontlik in verband gebring met die profesieë van Ou-Testamentiese profete soos Jesaja wat 'n goue eeu vir Israel verwag het. Die gelowiges van die eerste eeu was hoofsaaklik Jode. Daarom dat dié verwagting by hulle geleef het .

Aangesien dr. Du Toit nie aandag gee aan die situasie van die vroeë kerk nie, is sy verklaring in sekere opsigte heeltemal futuristies en tot 'n mate ook idealisties ("uebergeschichtlich") en wat die sewe gemeentes betref, historisisties of kerk-histories. Ons vind dus elemente van verskillende beskouinge by hom, hoewel hy Openbaring oorwegend futuristies verklaar. Daarin sien 'n mens tog invloed van die chiliasme van sy "onvergeetlike vader" (Du Toit, 1921:iv): voor die wederkoms sal eers die eindgerigte plaasvind, waarin Christus finaal die mag van Satan sal verbreek.

Die gesonde weg om te volg by die verklaring van Openbaring is om by die omstandighede te begin waarin die kerk hom bevind het toe die boek geskryf is. Tog moet elemente van meer as een van die vier beskouinge ook in ag geneem word vir 'n bevredigende verklaring van Openbaring. Sonder hierdie sleutel is die inhoud van Openbaring onverstaanbaar duister. Daarom het sommige kerkvaders en 'n man van die statuur van Calvyn die boek daargelaat en dit nie verklaar nie.

# 8. Slot

Dr. J.D. du Toit het sy teologiese opleiding in die 19de eeu gehad. Hy was soos almal kind van sy tyd. Naas die verklaring van sy vader, ds. S.J. du Toit, wat deur en deur millenialisties was, het hy skrywers soos A. Kuyper, Greydanus, De Moor en onder andere Godet se werke geraadpleeg. Hulle volg die Bybeluitleg wat by Augustinus sy beslag gekry het. Tot by hom was die verwagting van "'n goue eeu", 'n duisendjarige vrederyk, nog redelik lewendig. Toe dit nie aanbreek nie, is die finale verbreking van die mag van Satan na die einde van die eeue verskuif. Daar is wegbeweeg van die letterlike verklaring na 'n "geestelike" verklaring.

Ook Openbaring is in die lig hiervan verklaar. Skrifverklaring is nie meer so letterlik nie, maar meer "geestelik". Dis die weg wat Calvyn en die neo-Calviniste opgaan. 'n Derde weg, naamlik 'n tussenweg, tussen die "letterlike" en die "geestelike" lyk die aanneemlikste. Hiertoe lewer die kultuur-historiese agtergrond van die Bybel 'n groot bydrae en van dié voorreg was Augustinus en Calvyn nog verstoke. Hulle volgelinge in die laat 19de en 20ste eeue het dit ongelukkig meestal nie raakgesien nie. Die Bybeluitleg moet nie kontekstualisties soos die preteristiese interpretasie wees nie, maar in sy historiese konteks verklaar word – natuurlik met inagneming van ander verklaringsuitgangspunte. Wie dit nie doen nie, se verklarings skiet te kort, soos Totius s'n van die boek Openbaring.

## Bibliografie

BAARSLAG, D.J. s.j. De open hemelpoort. Baarn : Bosch & Keuning.

BARCLAY, William. 1976. The daily Study Bible series. The Revelation of John. Volume 1. Philadelphia : The Westminster Press.

BARCLAY, William. 1981. The daily Study Bible series. The letters of James and Peter. Volume 2. Edenburgh : The Saint Andrew Press.

DU TOIT, J.D. 1921. Uit die Skrifte, deel 2. Preke oor die Openbaring. Potchefstroom : Koomans.

DE VILLIERS, André. 1974. That you may believe. Studies in the New Testament faith. Pietermaritzburg : Shuter and Shooter.

GIBSON, John C.L. 1981. The daily Study Bible series. Genesis. Volume 1. Philadelphia : The Westminster Press.

JANSON, Murray. 1993. Openbaring vir gewone mense. Pretoria : Aktuapers.

MORRIS, Leon. 1990. The Tyndale New Testament Commentaries. The Book of Revelation, an introduction and commentary. Leicester : Inter-Varsity Press.

RINGALDA, A. 1939. Het Koningschap van Christus. Verklaring van de Openbaring van Johannes voor de gemeente. Kampen : Kok.

WILCOCK, M. 1991. The Bible speaks today series. The message of Revelation (I saw heaven opened). Clays : Inter-Varsity Press.